Die Sendbrief van Jakobus

Hoofstuk 5

Vers 1-6

> **Kom nou, julle rykes, ween en huil oor die ellendes wat oor julle kom. Julle rykdom is bedorwe, en julle klere is deur die motte verniel. Julle goud en silwer is verroes, en hulle roes sal tot 'n getuienis teen julle wees en sal soos 'n vuur julle vlees verteer. Julle het skatte vergader in die laaste dae. Kyk, die loon van die arbeiders wat julle lande afgeoes het, wat deur julle agtergehou is, roep uit; en die geroep van die maaiers het gekom tot in die ore van die Here van die leërskare. Julle het op die aarde 'n weelderige en losbandige lewe gelei; julle het jul harte vet gevoer soos op 'n slagdag. Veroordeel, vermoor het julle die regverdige; hy versit hom nie teen julle nie.** (Jakobus 5:1-6 AFR53)

Vers 1.

> **Kom nou, julle rykes, ween en huil oor die ellendes wat oor julle kom.** (Jakobus 5:1 AFR53)

Dit is opvallend dat die aanslag in die gedeelte teen die rykes heeltemal anders is as in die res van die brief.

- Die rykes word aangespreek en hulle gruweldade word opgenoem en die oordeel daaroor word aangekondig.
- Die rykes is die mense wat baie besittings het en wat die lewe geniet *(Vraag: Geniet die rykes die lewe ten koste van die gelowiges wat hard vir hulle moet werk?)*
- Daar is geen direkte oproep tot bekering nie.
- Dit laat die vraag ontstaan:
    - Was die rykes gemeentelede of nie?
    - Was dit dalk ongelowige rykes by wie die lidmate gewerk het?

Van die Skrifverklaarders aanvaar dat die rykes nie gelowiges was nie en dus ook nie gemeentelede was nie.

Dit was waarskynlik ryk Jode by wie die gemeentelede in diens was.

Die bedoeling is dus dat Jakobus die gemeentelede wou troos en hulle aanmoedig om verdraagsaam te wees met hulle omstandighede (vergelyk hoofstuk 5:7).

Hierdie "lyn" kom van die begin van die brief af saam: In hoofstuk 1:10 is die rykes al aangeraai om 'n ander lewenshouding te hê omdat hy aantoon dat aardse besit maar baie onvas van aard is:

> **en die ryke in sy geringheid, want soos 'n blom van die gras sal hy verbygaan.** (Jakobus 1:10 AFR53)

Nou gaan Jakobus verder:

- Die rykes moet kom tot selfkennis van hulle ellendes.
- Die enigste houding wat by hulle sal pas, is een van ween en huil (berou!!) oor hulle ellende wat op pad is.

Uit die res van die brief is dit duidelik dat Jakobus onder ellende verstaan dat hulle rykdom tot niet sal

gaan.

NB:

- Hier word nie ‘n tyd genoem wanneer en hoe dit gaan gebeur nie.
- Waarskynlik word hier gesinspeel op die wederkoms en die eindoordeel.

Die gedagte is dus dat ‘n ryke wat doodgaan, dadelik al sy besittings agterlaat.

Vraag: Moet hy arm in die hiernamaals in?

> …**met u hand van die manne, o HERE, van die manne wie se deel in die lewe uit die wêreld is en wie se buik U vul met u verborge skat; wie se seuns daarvan nog sat is, wat weer hul oorskot aan hulle kinders laat agterbly.** (Psalms 17:14 AFR53)

> (49:18) **want by sy dood sal hy van alles niks saamneem nie; sy heerlikheid sal nie neerdaal agter hom aan nie.** (Psalms 49:17 AFR53)

Ons Here Jesus het ook nog die volgende gesê:

> **En Hy sê vir hulle: Pas op en wees op julle hoede vir die hebsug, want iemand se lewe bestaan nie uit die oorvloed van sy besittings nie.** (Lukas 12:15 AFR53)

> **So kan dan ook niemand van julle wat nie afsien van al sy besittings, my dissipel wees nie.** (Lukas 14:33 AFR53)

Vroeër was daar al ‘n gevoel teen die rykes en hulle gesindheid:

> **So sê die HERE: Laat die wyse hom nie beroem op sy wysheid nie, en laat die sterke hom nie beroem op sy sterkte nie, laat die ryke hom nie beroem op sy rykdom nie;** (Jeremia 9:23 AFR53)

Jakobus het mos al met die saak in die begin van sy brief ‘n aanloop gehad:

> **en die ryke in sy geringheid, want soos ’n blom van die gras sal hy verbygaan. Want die son gaan op met sy hitte en laat die gras verdor, en sy blom val af, en die sierlikheid van sy gedaante vergaan; so sal die ryke ook in sy weë verwelk.** (Jakobus 1:10-11 AFR53)

Vers 2, 3

> **Julle rykdom is bedorwe, en julle klere is deur die motte verniel. Julle goud en silwer is verroes, en hulle roes sal tot ‘n getuienis teen julle wees en sal soos ‘n vuur julle vlees verteer. Julle het skatte vergader in die laaste dae.** (Jakobus 5:2-3 AFR53)

Die vers is op ‘n manier ‘n vergesig wat beskryf hoe die rykdom van die rykes - en ook die rykes self! - tot niet gaan. Omdat die toekoms en die hede aan mekaar vasgemaak is, daarom beskryf Jakobus die verval van aardse/fisiese rykdom asof dit reeds besig is om te gebeur.

Klere goud en silwer

- Die grootste besittings wat dorpsmense (= die handelaars) destyds gehad het, was klere, goud en silwer.
- Natuurlik het hulle ‘n kameel of twee ook gehad waarmee hulle gereis het en wat hulle handelsware vervoer het. Maar dit was noodsaaklikhede. Dit was nie as rykdom gereken as jy so

min diere gehad het nie.

Die eindoordeel van die Here is natuurlik die finale vernietiger van alle dinge wat nie die tyd kan oorleef nie - soos aardse rykdom. Daarom word die eindoordeel hier beskryf in terme wat eintlik vreemd is daaraan: ***Mot en roes***!

- Die klere (een deel van die aardse rykdom) gaan deur die mot opgevreet/verniel word.
- Die ander deel van aardse rykdom - goud en silwer - (valuta) gaan deur roes verteer word.
    - Ons weet mos dat goud en silwer nie kan ***roes*** nie, maar hier moet twee dinge in gedagte gehou word:
    - Die een is dat die swaar metale daardie jare nog baie onsuiwerhede in gehad het, wat inderdaad geoksideer het.
    - Die ***roes*** is maar net 'n bekende beeld (idioom) wat hulle destyds gebruik het om vernietiging van alles wat tydelik en aards is, te beskryf.

Let op die volgende beelde waar ***mot*** en/of ***roes*** voorkom om vernietiging te beskryf:

> **en dít iemand wat verval soos hout wat weggevreet is, soos 'n kleed wat die mot verteer.** (Job 13:28 AFR53)
>
> (39:12) **Tugtig U die mens met strawwe oor die ongeregtigheid, dan laat U sy skoonheid vergaan soos deur 'n mot; ja, elke mens is 'n asemtog! Sela. (39:13) Hoor, HERE, my gebed, en luister na my hulpgeroep; swyg nie by my trane nie; want ek is 'n vreemdeling by U, 'n bywoner soos al my vaders.** (Psalms 39:11-12 AFR53)
>
> **Kyk, die Here HERE help My: wie is dit wat My kan veroordeel? Kyk, hulle sal almal verslyt soos 'n kleed; die mot sal hulle eet.** (Jesaja 50:9 AFR53)
>
> **want die mot sal hulle opeet soos 'n kleed, en die wurm sal hulle verteer soos wol; maar my geregtigheid sal vir ewig bestaan en my heil van geslag tot geslag.** (Jesaja 51:8 AFR53)
>
> **Daarom is Ek vir Efraim soos 'n mot en vir die huis van Juda soos 'n verrotting in die gebeente.** (Hosea 5:12 AFR53)
>
> **Daarom, so sê die Here HERE: Wee die bloedstad, die pot waar roes in is en waarvan die roes nie afgegaan het nie. Haal stuk vir stuk daaruit; geen lot is daaroor gewerp nie.** (Esegiël 24:6 AFR53)
>
> **En laat dit leeg op sy kole staan, dat dit warm kan word en sy koper kan gloei en sy onreinheid kan smelt in hom—sy roes verteer kan word. Dit het My met moeite oorlaai, en sy baie roes gaan nie van hom af nie. Sy roes moet die vuur in!** (Esegiël 24:11-12 AFR53)
>
> **Moenie vir julle skatte bymekaarmaak op die aarde, waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie; maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie;** (Matteus 6:19-20 AFR53)
>
> **Verkoop julle besittings en gee aalmoese; maak vir julle beurse wat nie oud word nie, 'n skat in die hemel wat onuitputlik is, waar geen dief by kom of mot verteer nie.** (Lukas 12:33 AFR53)

Die woorde

> …**sal tot 'n getuienis teen julle wees en sal soos 'n vuur julle vlees verteer…**

is natuurlik ‘n beskrywende verwysing na die eindoordeel.

- Die eindoordeel gaan teen die ongelowige en onverskillige rykes getuig.
- In die eindoordeel gaan dit duidelik wees dat al die rykes se rykdom vernietig word.
    - Hulle kan niks saamneem nie
    - en dan kan hulle dit ook nie eers aan iemand anders nalaat nie!

Die eindoordeel is dus die finale bewys dat rykes wat tydens hulle aardse lewens op materiële dinge vertrou het, verkeerd was.

- Hulle vertroue was verkeerd en ten onreg aan die Here.
- Daarom word hulle liggaamlik gestraf.

Die toetrede tot die hel word beskryf met die woorde:

> **en sal soos ‘n vuur julle vlees verteer.**

- Die hel en die pyn en geweld wat daar gebeur, is baie persoonlik: mens se liggaam (vlees) word deur vuur verteer.

Daar is vyf en sewentig verwysings in die hele Bybel na die hel as ‘n vuur wat die mense verteer wat aan God ontrou is. Hier is enkeles daarvan:

> **Kaf. Die HERE het sy grimmigheid laat uitwoed, sy toorngloed uitgegiet en in Sion ’n vuur aangesteek wat die fondamente daarvan verteer het.** (Klaagliedere 4:11 AFR53)

> **Daarom het Ek my toorn oor hulle uitgegiet; deur die vuur van my grimmigheid het Ek hulle verteer; hulle wandel het Ek op hulle hoof laat neerkom, spreek die Here HERE.** (Esegiël 22:31 AFR53)

> **En hulle sal uitgaan en die lyke sien van die mense wat teen My opgestaan het; want hulle wurm sal nie sterwe en hulle vuur sal nie uitgeblus word nie, en hulle sal afgryslik wees vir alle vlees.** (Jesaja 66:24 AFR53)

> **En as jou hand jou laat struikel, kap dit af. Dit is beter vir jou om vermink die lewe in te gaan, as om twee hande te hê en in die hel te gaan in die onuitbluslike vuur, waar hulle wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie. En as jou voet jou laat struikel, kap dit af. Dit is beter vir jou om kreupel die lewe in te gaan, as om twee voete te hê en in die hel gewerp te word in die onuitbluslike vuur, waar hulle wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie. En as jou oog jou laat struikel, pluk dit uit. Dit is beter vir jou om met een oog die koninkryk van God in te gaan, as om twee oë te hê en in die helse vuur gewerp te word, waar hulle wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie.** (Markus 9:43-48 AFR53)

Die verse sluit af met die woorde:

> **Julle het skatte vergader in die laaste dae.**

Die woorde is inderdaad ‘n verwyt dat die mense aardse skatte bymekaar gemaak het.

- Hulle het dus hulle sekuriteit alleen gebou op hulle rykdom.
- Die probleem is dat hulle nie skatte vir die koninkryk van God bymekaar gemaak het nie!
- Hulle verhouding met die Here oorleef nie die eindoordeel nie.
- Die skatte wat hulle bymekaar gemaak het, is dus die teken daarvan dat hulle self tot niet sal gaan

(hel toe sal gaan) soos wat hulle skatte ook vernietig gaan word, en nie saamgeneem kan word na die koninkryk van God toe nie.

Let op die volgende uitsprake in die Bybel:

- **want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees.** (Matteus 6:21 AFR53)
- **Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart goeie dinge te voorskyn, en die slegte mens bring uit die slegte skat slegte dinge te voorskyn. (**Matteus 12:35 AFR53)
- **Jesus antwoord hom: As jy volmaak wil wees, gaan verkoop jou goed en gee dit aan die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê; en kom hier, volg My.** (Matteus 19:21 AFR53)
- **Verkoop julle besittings en gee aalmoese; maak vir julle beurse wat nie oud word nie, 'n skat in die hemel wat onuitputlik is, waar geen dief by kom of mot verteer nie.** (Lukas 12:33 AFR53)
- **Maar ooreenkomstig jou verhardheid en onbekeerlike hart vergader jy vir jou toorn as 'n skat in die dag van die toorn en die openbaring van die regverdige oordeel van God** (Romeine 2:5 AFR53)
- **Maar die teenswoordige hemele en die aarde is deur dieselfde woord as 'n skat weggelê en word vir die vuur bewaar teen die dag van die oordeel en die verderf van die goddelose mense.** (2 Petrus 3:7 AFR53)

Die rykes (wat ongelowig is, gaan dus sterf sonder dat hulle enige voordeel van al hulle rykdom vir die hiernamaals het!

Vers 4

> **Kyk, die loon van die arbeiders wat julle lande afgeoes het, wat deur julle agtergehou is, roep uit; en die geroep van die maaiers het gekom tot in die ore van die Here van die leërskare.** (Jakobus 5:4 AFR53)

NB:

- Hierdie vers openbaar waarom die oordeel oor die rykes kom.
- Rykdom as sulks word nie veroordeel nie.
- Rykdom wat op 'n oneerlike manier in die hande gekry is, word wel veroordeel.

Die verkeerde saak word aangetoon:

- Daar is arbeiders wat op rykes se lande werk - maar hulle word nie behoorlik betaal nie.
- Die rykes het van die loon onregmatig teruggehou.
    - Moontlik was die rykes ontevrede oor iets en het daarom die vergoeding teruggehou (vers 6 spreek die moontlikheid aan).
    - Die ontevredenheid was egter nie gegrond nie - die rykes het dit opgeblaas tot hulle eie voordeel.

Wat veronderstel die teks?

- Dat die werkers Christen gelowiges - moontlik lidmate was.
- Dat daar op loon ooreengekom was - wat nou nie betaal word nie.
- Dat die werkers nie slawe is nie, maar vrywillige werkers.

Die Here het sake soos hierdie eeue lank al gereël:

> **Jy mag jou naaste nie verdruk of beroof nie. Die dagloner se loon mag by jou nie tot die môre**

toe bly nie. (Levitikus 19:13 AFR53)

Die vraag wat tot vandag toe geld vir gelowiges is: As iemand my verontreg, gaan die Here dan niks daaraan doen nie?

Hier word openbaar dat die Here ag gee op dinge wat verkeerd gedoen word: In hierdie geval gee Hy aandag daaraan dat rykes die mense wat vir hulle werk verontreg.

Die laaste deel van die vers vestig juis die aandag daarop:

en die geroep van die maaiers het gekom tot in die ore van die Here van die leërskare

Vergelyk hiervoor die volgende Bybelgedeeltes:

En die HERE sê: Ek het duidelik gesien die ellende van my volk wat in Egipte is; en Ek het hulle jammerklagte oor hulle drywers gehoor, ja, Ek ken hulle smarte. (Eksodus 3:7 AFR53)

En die HERE het gehoor na die stem van Israel en die Kanaäniete oorgegee. En hy het hulle en hul stede met die banvloek getref en die plek Horma genoem. (Numeri 21:3 AFR53)

Op die dag self moet jy sy loon gee, sodat die son oor hom nie ondergaan nie—want hy is arm en sy siel verlang daarna—dat hy nie teen jou tot die HERE roep en dit sonde in jou word nie. (Deuteronomium 24:15 AFR53)

Die Here hoor en verhoor ons dus as ons verontreg word en ons gaan bid oor die saak.

Daarom word Hy in ons teksvers die ***Here van die Leërskare*** genoem. Dit is ‘n uitgebreide Godsnaam wat aantoon dat Hy oor alle mense en engele regeer - en vir hulle sorg.

Die Here is God wat omgee.

Hy gee persoonlik om vir almal wat syne is.

Die omgee van die Here kom ook tot openbaring in die straf wat Hy voltrek oor al die mense (en engele/duiwels) wat die gelowiges wat Hom aanbid, verontreg.

‘n Voorbeeld is die rykes wat in die eindoordeel gestroop en gestraf gaan word omdat hulle die (christen)werkers op hulle lande verontreg het.

Vers 5

Julle het op die aarde ‘n weelderige en losbandige lewe gelei; julle het jul harte vet gevoer soos op ‘n slagdag. (Jakobus 5:5 AFR53)

Die gedeelte beklemtoon die gevolge van onverantwoordelikheid:

- Die vorige gedeelte het vertel dat daar sekere rykes is wat hulle rykdom onregmatig verwerf.
- Die gedeelte wys daarop dat daardie rykdom nou ook nog onregmatig bestee word!
    - Dit word uitgemors op losbandigheid!

Daarmee pleit die Bybel natuurlik nie daarvoor dat ons glad nie ons rykdom/geld inkomste mag bestee nie.

- Die Bybel het ook niks daarteen dat ons rykdom mag geniet nie.

Maar die Bybel veroordeel wel die manier waarop mens met jou rykdom werk: Die Here het dit teen oor-eet (brassery/swelgery) en oordadigheid en verkwisting (geld mors).

Vir oor-eet/brassery kyk ons byvoorbeeld na die volgende uitsprake in die Bybel:

> **En die honde is gulsig, hulle ken geen versadiging nie; en herders is hulle wat nie weet om op te merk nie; almal loop hulle eie pad, elkeen na sy onregverdige wins, almal saam.** (Jesaja 56:11 AFR53)
>
> **Wees nie onder die wynsuipers nie, onder die wat as vrate hulle hart ophaal.** (Spreuke 23:20 AFR53)
>
> **Laat ons welvoeglik wandel soos in die dag, nie in brassery en dronkenskap, nie in ontug en ongebondenheid, nie in twis en nydigheid nie.** (Romeine 13:13 AFR53)
>
> …**afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie.** (Galasiërs 5:21 AFR53)

Vir verkwis kyk ons na die volgende uitsprake:

> **En nie baie dae daarna nie het die jongste seun alles bymekaargemaak en weggereis na 'n ver land. En daar het hy sy eiendom verkwis deur losbandig te lewe.** (Lukas 15:13 AFR53)
>
> **En Hy het ook aan sy dissipels gesê: Daar was 'n ryk man wat 'n bestuurder gehad het; en hy is by hom aangeklaag as een wat sy besittings verkwis.** (Lukas 16:1 AFR53)

Losbandig:

> …**sy is onrustig en losbandig, haar voete kan nie in haar huis bly nie—** (Spreuke 7:11 AFR53)
>
> **En nie baie dae daarna nie het die jongste seun alles bymekaargemaak en weggereis na 'n ver land. En daar het hy sy eiendom verkwis deur losbandig te lewe**. (Lukas 15:13 AFR53)
>
> **Maar sy wat losbandig is, is lewendig dood.** (1 Timoteus 5:6 AFR53)

In die gedeelte word aangetoon dat dit juis ook die sonde van die rykes is.

- Hulle het hulle harte vet gevoer soos op 'n slagdag: dit beteken dat hulle hulleself vet gevoer het asof hulle 'n slagdier is!
- Die dag waarop hulle geslag gaan word (slagdag) is die oordeelsdag!!

Die mense het dus baie dinge op hulle self gestapel waaroor die Here vir hulle kwaad is, en waarvoor Hy hulle gaan straf as die oordeelsoomblik oor hulle aanbreek.

> **Maar ooreenkomstig jou verhardheid en onbekeerlike hart vergader jy vir jou toorn as 'n skat in die dag van die toorn en die openbaring van die regverdige oordeel van God** (Romeine 2:5 AFR53)

Vers 6

> **Veroordeel, vermoor het julle die regverdige; hy versit hom nie teen julle nie.** (Jakobus 5:6

AFR53)

In hierdie vers word die rykes bitter skerp aangepraat.

- Hulle het regverdiges (gelowiges/gemeentelede) wat vir hulle gewerk het, voor die hof gesleep en veroordeel en selfs die doodstraf laat oplê.
- Die dinge is gedoen onder die skyn van die reg/wet - maar die Here toon aan dat deur sy bril gesien, dit onreg was wat gepleeg is.
- Die Here hou hulle verantwoordelik vir doodslag.

Die Here troos ook die gelowiges wat deur die rykes verontreg is.

- Hy het alles gesien en Hy laat dit nie verbygaan nie.
- Hy weet dat die gelowiges hulle nie versit het nie.
    - Die Bybel sê nie waarom nie: dalk kon hulle nie ‘n advokaat of iemand wat hulle kon verdedig kry of bekostig nie.
    - Die feit is net hulle was in ‘n toestand waar hulle maar net die dinge wat met hulle gebeur het, moes aanvaar.

Vir die mense het dit gelyk asof die rykes al die mag het om te maak en breek soos hulle lus het.

God toon egter aan dat hulle hulle nou tot in die hel teen Hom vasgeloop het.

Met hierdie stukkie van God se openbaring gee die Here vir ons ‘n perspektief op die werklikheid van die lewe. Dis ‘n werklikheid wat baie keer heeltemal anders is as wat ons dink dat dit is.

So kan dit vir gelowiges lyk of hulle onderdruk word, terwyl dit die onderdrukkers is wat self hulle saak so sleg maak dat hulle die ewige verderf tegemoet gaan.

Hoofstuk 5:7-20

> **Wees dan geduldig, broeders, tot op die wederkoms van die Here. Kyk, die landbouer wag op die kostelike vrug van die aarde en het geduld daarmee totdat dit die vroeë en die laat reën ontvang het. Julle moet ook geduldig wees; versterk julle harte, want die wederkoms van die Here is naby. Moenie teen mekaar sug nie, broeders, sodat julle nie veroordeel word nie. Kyk, die Regter staan voor die deur. Neem as voorbeeld van lyding, my broeders, en van geduld die profete wat in die Naam van die Here gespreek het. Kyk, ons reken hulle geluksalig wat verdra. Julle het gehoor van die lydsaamheid van Job, en julle het die einddoel van die Here met hom gesien, dat die Here vol medelye en ontferming is. Maar bo alles, my broeders, moenie sweer nie: nie by die hemel nie, ook nie by die aarde nie en ook geen ander eed nie; maar laat julle ja ja wees en julle nee nee, sodat julle nie onder ‘n oordeel val nie. Is daar iemand onder julle wat ly? Laat hom bid. Is iemand opgeruimd? Laat hom psalmsing. Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het. En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word. Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van ‘n regverdige het groot krag. Elía was ‘n mens net soos ons, en hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie, en dit het op die aarde drie jaar en ses maande lank nie gereën nie; en hy het weer gebid, en die hemel het reën gegee en die aarde het sy vrug laat uitspruit. Broeders, as een onder julle van die waarheid afgedwaal het en iemand hom bekeer, laat hy weet dat die een wat ‘n sondaar van sy dwaalweg bekeer, ‘n siel uit die dood sal red en ‘n menigte sondes sal bedek.** (Jakobus 5:7-20 AFR53)

Vers 7.

Wees dan geduldig, broeders, tot op die wederkoms van die Here. Kyk, die landbouer wag op die kostelike vrug van die aarde en het geduld daarmee totdat dit die vroeë en die laat reën ontvang het. (Jakobus 5:7 AFR53)

Hierdie gedeelte is ‘n aanmoediging aan die christene uit die Jodedom dat hulle moet volhard in geloof en die dinge wat die Here behaag. Hier word nie meer enige ernstige vermaning tot hulle gerig nie.

Die gedeelte sluit natuurlik direk by die vorige gedeelte aan waar die verdrukking van die armes deur die rykes behandel word.

Die armes kon hulle nie verset nie. Wat moes hulle houding nou wees? Hoe moes hulle hierdie spanning hanteer?

In hierdie gedeelte is dit asof die skrywer homself verplaas in die situasie waarin sy lesers hulle bevind. Hy sien homself in hulle skoene (moeilikhede).

- Hy troos hulle
- en hy bemoedig hulle om
    - aan te hou verdra
    - en om in die ware geloof te volhard.

‘n Boer word as ‘n voorbeeld gebruik:

- Hy wag die ***vroeë reën*** af wat in Oktober val.. Hierdie reëns maak dit moontlik om te ploeg en te plant.
- Aan die einde van die seisoen wag hy die laat reëns af. Dit val in Maart en April na ‘n tydperk wat dit gewoonlik droog is. Met hierdie reëns word die koring finaal ryp

Jakobus se antwoord is dus: Wees net geduldig. Die Here kom!

Let op na die woorde wat gebruik word:

Wees geduldig:

- Dit beteken dat die onderdrukte maar geduldig sy kop buig en die Here se optrede afwag.
    - Dit beteken: Moenie opstandig raak nie
    - (Moenie betoog en werkstakings uitroep nie)
- Die eis is dus dat die verdrukte gelowige moet lewe met die besef dat God God is wat alle dinge bestier.

In vers 11 kom daar ‘n ander woord voor wat die gedagte van ***volharding*** beklemtoon:
Kyk, ons reken hulle geluksalig wat *verdra*.

- Om ***geduldig te wees*** is ‘n ***passiewe manier*** om jou moeite te hanteer.
- Om ***te volhard*** is ‘n ***aktiewe manier*** om jou moeite te henteer.

Jakobus herinner die gelowiges baie sterk daaraan dat alle dinge ‘n grens het.

- Die Here kom en dan is alle verdrukking tot ‘n einde.
- Dan kom daar die heerlikheid van die Here oor die vertraptes wat in God geglo het.

Vergelyk hierby wat die apostel Paulus oor ons verdrukking op die aarde skryf:

> **Want ons ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is, bewerk vir ons 'n alles oortreffende ewige gewig van heerlikheid;** (2 Korintiërs 4:17 AFR53)

Die bedoeling van die Heilige Gees is dus iets soos: Verdrukking kan nie vir ewig aangaan nie. Ek moet in die geloof volhard, want die Here kom my aanstons verlos.

Vers 8

> **Julle moet ook geduldig wees; versterk julle harte, want die wederkoms van die Here is naby.** (Jakobus 5:8 AFR53)

Die oproep in die vers is meer persoonlik as die een in die vorige vers.

- In vers 7 word almal as **broeders** aangespreek.
- In vers 8 is dit **julle**.
    - *Julle kan en moet geduldig wees.*

Dan kom daar iets meer by as wat in die vorige vers was: **julle harte**.

- **Julle harte** is in die sin die lydende voorwerp.
    - Die **hart** is die sentrum van 'n mens se lewe.
    - Maar die **hart** is ook die setel van ons geloof.

Die gelowiges moet hulle harte versterk. Tot wanneer moet ons ons harte versterk?

- Die aanmoediging het 'n tydsgrens in gedagte: die oomblik wanneer die Here kom.
- Tot dan moet ons ons harte versterk.
- Ons sal dus nie meer baie lank op die Here hoef te wag nie.

Die vers beklemtoon dus die wederkoms van die Here Jesus Christus as 'n belangrike mylpaal (baken?) in die openbaring van God se Raad.

Vers 9

> **Moenie teen mekaar sug nie, broeders, sodat julle nie veroordeel word nie. Kyk, die Regter staan voor die deur.** (Jakobus 5:9 AFR53)

Met die eerste oogopslag lyk dit asof die vers iets nuuts behandel. Maar dit is nie so nie.

Dit gaan daaroor dat die gelowiges besef dat die Here Jesus as 'n regter kom as Hy weer kom. Dit het betekenis na meer as een kant toe.

- Natuurlik het dit verlossende betekenis vir die gelowiges - dan gaan die mense wat hulle tydens hierdie lewe verdruk, mos gestraf word!
- Maar wat van hulleself?
    - Die gelowiges sal hulle oor hulle eie sondes ook voor die Regter moet verantwoord.
    - Hulle moet nie teen mekaar sug nie:
        - Die geklaery oor al die onreg wat in die binnekamer gebeur, is net so verkeerd as om
        - openlik te loop en kla omdat jy verontreg word.

Die bedoeling is dus dat hierdie woorde die gelowiges opskerp:

- Kry julle eie sake ook reg, want die Regter staan voor die deur!
- Ongetwyfeld gryp die Heilige Gees hier terug na hulle eie sondes, o.a. die verdeeldheid wat onder hulle was (4:1).

Vers 10

> **Neem as voorbeeld van lyding, my broeders, en van geduld die profete wat in die Naam van die Here gespreek het.** (Jakobus 5:10 AFR53)

Vers 10 gaan terug na verse 7 en 8 toe.

Die rede is omdat daar soms gelowiges is wat redeneer dat as hulle aangesê word om te volhard, dan word daar eise voor hulle deur gelê wat nie aan ander mense opgelê word nie.

Om nou te bewys dat sulke mense geen uitsonderings is nie, word hier voorbeelde genoem om te bewys dat daar baie gelowiges is wat voor hierdie eis (en selfs groter eise!) om geduldig te wees en om te volhard in die geloof, moes buig.

- Die profete wat in die Ou Testament opgetree het, word genoem.
- Gelowiges moet dikwels diep onder verdrukking en vervolging (kwaad) buig omdat hulle in die Here glo. Dink byvoorbeeld aan Matteus 5:12:

Verbly en verheug julle omdat julle loon groot is in die hemele; want so het hulle die profete vervolg wat voor julle gewees het. (Matteus 5:12 AFR53)

- Dink net hoe was hulle geduld beproef.
    - Dink byvoorbeeld aan Elia.
    - Of aan Jeremia.
    - Hulle moes nie net glo - soos die lesers van Jakobus nie – hulle moes ook nog die Naam van die Here verkondig.
- Hulle was geroep, maar juis as gevolg daarvan aan baie pyn en lyding/vervolging uitgelewer.

Dis asof die Heilige Gees vir die lesers wil sê: Dink julle nou julle lyding is erger as die van die profete wat doodgemartel en vervolg is? Gaan aan in julle geloof en wees geduldig en moedig.

Vers 11

> **Kyk, ons reken hulle geluksalig wat verdra. Julle het gehoor van die lydsaamheid van Job, en julle het die einddoel van die Here met hom gesien, dat die Here vol medelye en ontferming is.** (Jakobus 5:11 AFR53)

Hierdie vers gaan nou verder as net geduldig wees. Hierdie vers spoor die gelowiges aan tot volharding.

Die teks sê by implikasie: Julle weet van voorbeelde in die Bybel, maar julle volg dit nie na nie! Neem nou kennis daarvan en gaan op dieselfde spoor vorentoe!

Het Jakobus met dit wat hy hier sê dalk ‘n teks soos Daniël 12:12 ook in gedagte?

> **Welgeluksalig is hy wat bly verwag en duisend drie honderd vyf en dertig dae bereik.** (Daniël 12:12 AFR53)

Die Here skryf hier dat die gelowiges moet ***oplet (=kyk!)***

- Diegene wat volhard is geluksalig.
- Dit beteken dat hulle
    - deur God geseën word (=gelukkig)
    - en hulle word deur God gered/verlos (=salig).

Voorbeeld: **Job**.

By Job sien ons die uiterste van menslike lyding - maar ook die ***uitkoms (=einddoel).***

- Natuurlik gaan dit nie in die eerste plek daaroor dat Job weer sewe seuns en drie dogters gehad het en twee keer soveel rykdom nie.
- Dit gaan ten diepste daaroor dat sy geskiedenis bewys dat die Here oorvloedige genade bewys aan gelowiges wat teen die druk van die sonde (lyding/ verdrukking/ duiwel) in volhard in die ware geloof.

Die aanspraak is: Julle ken julle Bybels.

- Dus ken julle hierdie gelowiges wat geduldig volhard het in die geloof.
- Die Here sal julle volharding en geduld net so seën en julle net so verlos soos Hy Job verlos het.

NB*Job het nie volhard om verlossing te verdien nie. Dit staan ook nie hier in die Jakobusbrief geskryf nie. Al wat hier staan, is dat God genade gee aan die wat volhard (en verseker ook sodat hulle kan volhard!)*

Hierdie vers gryp terug na Jakobus 1:3 wat die geloof duidelik aangetoon het as die fondament waarop volharding rus.

> **omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk.** (Jakobus 1:3 AFR53)

Alles rus op die genade wat God onverdiend gee.

Vers 12

> **Maar bo alles, my broeders, moenie sweer nie: nie by die hemel nie, ook nie by die aarde nie en ook geen ander eed nie; maar laat julle ja ja wees en julle nee nee, sodat julle nie onder 'n oordeel val nie.** (Jakobus 5:12 AFR53)

Hier word nie van 'n eed gepraat wat geneem word in die Naam van die Here om die waarheid te bevestig nie.

Hier word van iets heeltemal anders gepraat:

- Mense wat kwaad word of moed verloor of wraak wil neem, **sweer** baie maklik (Hulle sweer ook sommer vinnig allerhande lelike dinge!)
- Om te **sweer** is dikwels 'n
    - uiting van ongeduld,
    - gebrek aan volharding
    - en ook soms 'n gebrek aan broederliefde.
- Die sweer waarvan hier gepraat word, het ook die gebruik van die Naam van die Here in gedagte - maar die verkeerde gebruik van die Naam van die Here!
    - Die Here het hier 'n vyandige vleeslike **gesweer** in gedagte.

Vergelyk hiervoor:

> **Toe begin hy homself te verwens en te sweer: Ek ken die man nie.** (Matteus 26:74 AFR53)

> **Toe begin hy homself te verwens en te sweer: Ek ken nie daardie man van wie julle praat nie.** (Markus 14:71 AFR53)

> …**sodat Ek in my toorn gesweer het: Hulle sal in my rus nie ingaan nie.** (Hebreërs 3:11 AFR53)

> **Want ons wat geglo het, gaan die rus in, soos Hy gesê het: Daarom het Ek in my toorn gesweer, hulle sal in my rus nie ingaan nie - alhoewel sy werke van die grondlegging van die wêreld af volbring is.** (Hebreërs 4:3 AFR53)

Om ‘n verkeerde eed te sweer, bring ons by die Here in die moeilikheid. Daarom sê die Heilige Gees dit ook:

> **sodat julle nie onder ‘n oordeel val nie.**

Dit is duidelik dat Jakobus hier weer die Bergpredikasie in gedagte het:

> **Maar Ek sê vir julle: Sweer hoegenaamd nie - nie by die hemel nie, omdat dit die troon van God is; ook nie by die aarde nie, omdat dit die voetbank van sy voete is; ook nie by Jerusalem nie, omdat dit die stad is van die groot Koning; ook by jou hoof mag jy nie sweer nie, omdat jy nie een haar wit of swart kan maak nie. Maar laat julle woord wees: Ja ja, nee nee. Wat meer as dit is, is uit die Bose.** (Matteus 5:34-37 AFR53)

In hierdie vers wys die Heilige Gees daarop dat ‘n gelowige net nodig het om **ja** of **nee** te sê op dinge - en as hy eerlik is sal die saak vasstaan.

- Daar hoef nie gesweer te word nie.
- Dit is ‘n misbruik van die Naam van die Here om sy Naam sommer net vir onbenullighede in te roep, of om Hom in te roep as jy verneder en verontreg voel en jy wil jou wraak bevestig teenoor die een wat die verkeerde ding aan jou gedoen het.

Hoofstuk 5:13-20

> **Is daar iemand onder julle wat ly? Laat hom bid. Is iemand opgeruimd? Laat hom psalmsing. Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het. En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word. Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van ’n regverdige het groot krag. Elía was ’n mens net soos ons, en hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie, en dit het op die aarde drie jaar en ses maande lank nie gereën nie; en hy het weer gebid, en die hemel het reën gegee en die aarde het sy vrug laat uitspruit. Broeders, as een onder julle van die waarheid afgedwaal het en iemand hom bekeer, laat hy weet dat die een wat ’n sondaar van sy dwaalweg bekeer, ’n siel uit die dood sal red en ’n menigte sondes sal bedek.** (Jakobus 5:13-20 AFR53)

Vers 13

> **Is daar iemand onder julle wat ly? Laat hom bid. Is iemand opgeruimd? Laat hom psalmsing.** (Jakobus 5:13 AFR53)

Die vermanings wat nou volg, is kort en kragtig. Die vers verwys na twee uiteenlopende emosies:

- Eerste die wat ly. Dis al die wat hartseer en pyn (van watter aard ook al) ervaar.
    - Hoe kan ’n gelowige wat ly bly volhard?
    - Die antwoord: Deur te bid.
        - Die lyer moet sy saak in God se hande plaas en dan wag dat die Here die saak verder voer.
- Die tweede emosie is die van blydskap. Waarskynlik verwys Jakobus hier na die lidmate wat handel gedryf het, en wat goeie besigheid gedoen het (hoofstuk 4:13).
    - Hulle moet ook bid: hulle moet God dank vir al die seën en blydskap wat oor hulle kom.

Dan volg daar ’n kontras met die voorafgaande gedeelte waar daar sprake was van lidmate wat teenoor mekaar gekla het. Hulle word aangewakker om psalms te sing!

Vers 14, 15

> **Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het. En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word.** (Jakobus 5:14-15 AFR53)

Hierdie vers het deur die eeue verskillende verklarings gehad.

- Die Rooms-Katolieke Kerk (RKK) het hierdie teks gebruik as basis vir die laaste oliesel.
    - Die laaste oliesel is een van die RKK se sakramente wat hulle bedien wanneer iemand sterf.

Die vers moet egter anders verstaan word, want hier word nie van iemand gepraat wat besig is om dood te gaan nie.

- Die vers praat duidelik van iemand wat:
    - beter word, en
    - van wie selfs sy sondes vergewe word.

Die vers openbaar dat daar baie vroeg al baie goed georganiseerde kerke was. Ons lei uit die vers die volgende af:

- Die sieke was lidmaat van ’n gemeente.
- In die gemeentes was daar reeds gevestigde ouderlinge.
- Deel van die ouderlinge se werk was om siekes te besoek.
- In die geval van baie ernstige siektes, waar die gewone pad van dokter toe gaan en medisyne drink nie gehelp het nie, was daar ’n ander pad:
    - Die ouderlinge is ingeroep om vir die sieke te bid – natuurlik die kerk waar die sieke lidmaat was.
    - Die gelowiges het altyd gebid tydens swaar siekte of by die opwekking van dooies:

> **Hulle neem toe die steen weg waar die oorledene lê. En Jesus het sy oë opgeslaan en gesê: Vader, Ek dank U dat U My verhoor het;** (Johannes 11:41 AFR53)

> **En Petrus het almal buitentoe gestuur en neergekniel en gebid. En hy het hom na die liggaam gedraai en gesê: Tabíta, staan op! En sy het haar oë oopgemaak; en toe sy Petrus sien, het sy regop gesit. En hy gee haar sy hand en laat haar opstaan. Daarop roep hy die heiliges en die weduwees en stel haar lewendig voor hulle.** (Handelinge 9:40, 41 AFR53)

Olie is as medisyne gebruik. Dikwels is daar allerhande kruie in gemeng wat aan wonde en seerplekke gesmeer is. ’n Voorbeeld is:

> **. . . en na hom gegaan, sy wonde verbind en olie en wyn daarop gegooi. Hy het hom toe op sy eie pakdier gehelp en hom na ’n herberg geneem en vir hom gesorg.** (Lukas 10:34 AFR53)

Jakobus leer dus twee dinge:

- Die Here werk middellik:
    - Die Here gebruik in die geval ’n middel.
    - Salf die sieke met olie (drink jou medisyne!).
    - Die Here gebruik medisyne (ook) tot genesing.

Maar daar is nog ’n komponent:

- Bid eers en salf dan die sieke in die Naam van die Here met olie.
    - Medisyne alleen beteken niks, want die Here is die beskikker oor lewe en dus ook oor gesondheid (herstel van lewe).
    - Die Here wil hê dat ons by Hom moet smeek en vra vir herstel.
    - Dit doen ons deur sy Naam aan te roep: dit is om Hom persoonlik te aanbid op sy Naam.

Die Here sal ook die sieke se sondes vergewe.

- Dit is waarskynlik dat die sieke waarvan daar in die teksvers gepraat word, siek is as gevolg van sy sondes.
- Dit beteken nie dat daar ’n sieke kan/mag wees wat nie sondes het nie.
- Dit wys net dat die Here die gebede van die ouderlinge sal verhoor en meer gee as net genesing – Hy sal ook vergifnis van sondes byvoeg.

Vers 16

> **Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van ’n regverdige het groot krag.** (Jakobus 5:16 AFR53)

Wat staan hier nie?

- Dat ons te eniger tyd ons (geheime) sondes teenoor mekaar (ander mense) moet bely nie.
- Die Charismatiese gelowe verstaan dit so – maar dit kom neer op geestelike kaallopery.

Hoe weet ons dat hierdie verklaring verkeerd is? Dit gaan oor die woordjie ***daarom***.

- Hierdie woord verbind hierdie uitspraak aan dit wat direk voorafgaan, naamlik

> **En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word.**

- Dit belig/verduidelik die gedagte van vers 14 en 15 verder dat mense sulke ernstige sondes kan doen dat die geweld daarvan op hulle natuur wreek en dat hulle die Here hulle met siekte straf.
- Die Here bevestig dus dat die genesing van sulke mense met die vergifnis van hulle sondes (wat die siekte veroorsaak het) gepaard gaan.

Sulke sondes moet mense dan bely:

- Anders weet die ouderlinge nie waarvoor om te bid nie.
- En daarsonder kan die sondaar nie sy berou bewys nie.

Die voorbidding vir die siekes deur die ouderlinge is nie dieselfde as om vir mekaar te bid nie. Gebede in die gemeente val uiteen in verskillende soorte/groeperinge/aard.

- Eers is daar die persoonlike gebede. Die wat ly of vrolik is, moet self bid.
- Die wat ernstig siek is, moet die ouderlinge inroep dat hulle hulle salf en bid (onder andere vir vergifnis van sondes).
- Dan moet die gelowiges ook vir mekaar voorbidding doen.

Gebed het groot krag – veral die gebed van die regverdige.

· ’n Regverdige is iemand wat in die regte verhouding met die Here lewe. Jakobus 2:14 werp hierop lig:

> **Wat baat dit, my broeders, as iemand sê dat hy die geloof het, maar hy het nie die werke nie? Dié geloof kan hom tog nie red nie?** (Jakobus 2:14 AFR53)

Wanneer ’n regverdige gelowig bid, mag hy seënende optrede van die Here verwag.

Vers 17,18

> **Elía was ’n mens net soos ons, en hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie, en dit het op die aarde drie jaar en ses maande lank nie gereën nie; en hy het weer gebid, en die hemel het reën gegee en die aarde het sy vrug laat uitspruit.** (Jakobus 5:17-18 AFR53)

Soos wat Jakobus baie keer doen, gee hy dadelik ’n voorbeeld van wat hy bedoel met die woorde van die vorige vers: Elia

- Elia was ’n profeet van die Allerhoogste God.
- Maar hy was ook doodgewoon mens (net soos ons).

Almal weet wat die gevolge was van sy gebed dat dit nie moet reën nie.

- Sy gebede het invloed op die gang van die natuur gehad!
    - Eers het hy gebid dat dit nie moet reën nie – toe reën dit vir drie jaar en ses maande nie.
    - Daarna het hy weer gebid en die reën het geval en die aarde het sy vrug gelewer.

Almal was magteloos teen die feit dat die Here hom dit vergun het dat sy gebed verhoor is.

NB Die ou Testament leer nie dat Elia vir die dinge gebid het nie. Daar staan net:

> **En Elía, die Tisbiet, uit Tisbe in Gílead, het vir Agab gesê: So waar as die Here, die God van Israel, leef, voor wie se aangesig ek staan, daar sal geen dou of reën in hierdie jare wees nie, behalwe op my woord!** (1 Konings 17:1 AFR53)

> **En geruime tyd daarna het die woord van die Here in die derde jaar tot Elía gekom en gesê: Gaan heen, vertoon jou aan Agab, dan wil Ek reën gee op die aarde.** (1 Konings 18:1 AFR53)

Die Heilige Gees openbaar dus hier dat die droogte en die reën die verhoring van Elia se gebede was!

Vergelyk ook:

> **Maar Ek sê vir julle met waarheid, daar was baie weduwees in Israel in die dae van Elía toe die hemel toegesluit was drie jaar en ses maande lank, toe daar 'n groot hongersnood gekom het in die hele land,** (Lukas 4:25 AFR53)

Vers 19, 20

> **Broeders, as een onder julle van die waarheid afgedwaal het en iemand hom bekeer, laat hy weet dat die een wat 'n sondaar van sy dwaalweg bekeer, 'n siel uit die dood sal red en 'n menigte sondes sal bedek.** (Jakobus 5:19-20 AFR53)

Die brief sluit af met 'n dringende vermaning: Waak teen dwaalleer.

Wat is dwaalleer?

Die hele brief het aangetoon dat die oomblik wanneer die leer onsuiwer verstaan is, daar verskillende dinge skeefgeloop het. Daar was

- ongenadigheid/onbarmhartigheid
- onheilige wedywering
- twis
- negering van God se beskikking
- verdrukking

Kan mens nou maar 'n lidmaat wat hom aan allerhande sondes en dwaalleer skuldig maak net so los?

- Nee, ons kan so iemand nie los dat hy voortgaan met sy dwaalleer nie.
    - Hy gaan self verlore.
    - En hy besoedel die gemeente dat daar skade in die kerk kom.

Daarom is hier die dringende vermaning dat ons op medegelowiges moet ag gee sodat hulle tot bekering kan kom.

- Om 'n medegelowige uit die dood terug te bring op die regte spoor is om 'n siel te red.
- Hier word dus teenoor al die verkeerdhede wat van die begin van die brief af opgenoem en behandel is, baie sterk gesê wat gelowiges (= die kerk van die Here) dan wel moet doen.
- So lewe iemand wat waarlik gelowige is en God ken – hy red die ander wat besig is om as gevolg van dwaalleer verlore te gaan.